Posbus 43, Upington 8800
H/V Parkstraat en Dr. Nelson Mandela Rylaan
Tel: (054) 332 1491 • Faks: (054) 331 1456 • Sel: 062 605 5091
admin@uppies1.co.za • www.uppies.co.za • facebook.com/uppies

# Skoollied

**WOORDE:**

***GERHARD BEUKES***

**MUSIEK:**

***DIRKIE DE VILLIERS***

In die land van ver horisonte
Waar die son oor die rooi vlaktes steek,
En Oranje se modderbruin water
'n pad deur die swart rante breek
-In die land van die wye, oop ruimtes,
waar ons hart nog kan droom en kan glo,
staan die skool van ons trots en ons liefde:
ons Hoërskool Upington bo!

**KOOR**

Aan jou ons werklus en ywer,
Aan jou ons liefde en trou!
Ons Hoërskool Upington voorwaarts
na die hoogtes daar ver
daar ver – teen die blou!

Gee U – Heer, in die land dat die swaarkry
steeds 'n deel van ons erfnis sal wees:
vir ons hande die vreugde van arbeid,
Vir ons harte die moed sonder vrees.
Wees U, Here, die wolk teen die sonbrand,
en in nagte die blink ster wat lei –
Skenk u kennis en voorspoed en Wysheidaan
die skool deur U liefde gewy

**KOOR**

Aan jou ons werklus en ywer,
Aan jou ons liefde en trou!
Ons Hoërskool Upington voorwaarts
na die hoogtes daar ver
daar ver – teen die blou